

## **Sing vooraf staande:** Psalm 128:1 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,  
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan  
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet  
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Psalm 146:1, 3 (p. 700)

- 1 Prys die HEER met blye galme, / o my siel, daar 's ryke stof!  
'k Sal, solank ek leef, my psalme / vrolik toewy aan sy lof  
en Hom, wat sy guns my bied, / altyd groot maak in my lied.
- 3 Salig hy wat in die lewe, / sonder hulp en sonder raad,  
as hom alles wil begewe, / vlug tot God, sy toeverlaat;  
en ook in die swartste nag / op die HERE<sup>o</sup>alleen bly wag.

## Gebed

### Skrifberyming 9-3:1, 2 (nuut)

- 1 Voor u wet, Heer, staan ons skuldig. / Liefde is die groot gebod!  
Liefde is ons steeds verskuldig / aan ons naaste en ons God.  
Ons wil u gebod bewaar, / maar ons struikel baie kere.  
Leer ons liefde vir mekaar, / maar bo al vir U, o Here.
- 2 Liefde doen aan niemand kwaad nie – / dis vervulling van die Wet.  
Dié gebod mag ons nie laat nie, / maar met ywer daarop let.  
Ons weet, ver is reeds die nag; / ken die tydsomstandighede –  
weldra breek die volle dag. / Wek ons, Heer, uit valse vrede!

**Skriflesing:** Handeling 22:1-21; Heidelbergse Kategismus, Sondag 49:124

**Kernvers:** Handeling 22:10

**Toe vra ek: 'Wat moet ek doen, Here?' Die Here sê toe vir my: 'Staan op en gaan na Damaskus toe. Daar sal alles vir jou gesê word wat God bepaal het dat jy moet doen.'**

(Handeling 22:10 AFR 1983)

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 124: Wat is die derde bede?**

*Antwoord:* Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde. *Dit is: Gee dat ons en alle mense ons eie wil prysgee (a) om aan u wil, wat alleen goed is, sonder enige teëpraterij gehoorsaam te wees (b), sodat elkeen sy amp en beroep net so gewillig en getrou kan beoefen en uitvoer (c) soos die engele in die hemel (d).*

(a) Matt 16:24; Tit 2:11, 12. (b) Luk 22:42; Ef 5:10; Rom 12:2. (c) 1 Kor 7:24. (d) Ps 103:20, 21.

**Tema:** Ons wil en God se wil – in stryd of in pas?

Geliefde gemeente van Jesus Christus, alle mense het drome – iets wat hulle graag wil doen in die lewe. Dit is veral ons kinders wat nog groot drome het – drome oor wat hulle wil word, watter werk hulle eendag wil doen, met watter motor hulle wil ry en in watter huis hulle wil woon. Dit is goed om drome te hê. Drome motiveer 'n mens om vorentoe te gaan en nie maar tevrede te wees met waar 'n mens nou is en nou het nie. Dit is as gevolg van drome van baie mense dat daar so groot vooruitgang gemaak word op alle terreine van die lewe. As dit nie vir die drome van mense was nie,

sou ons nie vandag deur middel van die internet die verkondiging van die Here se Woord tot in verlande kon laat hoor het nie.

Nou werk dit ook so dat ons drome en ons wil nogal heg met mekaar saamwerk. Wanneer 'n mens droom om iets te doen of te hê, sê 'n mens graag: Ek wil nog dit doen, of ek wil nog eendag so iets hê. En partymaal is ons so gemotiveerd om daardie ding te doen of te hê dat ons al ons strewende energie inspan om die droom te bereik. Party mense laat niks in hulle pad staan om hulle drome te bereik nie.

En hoe teleurgesteld is iemand wat nie sy droom kan bereik nie. Dink maar net hoe teleurgesteld jyself al was omdat jy nie gedoen kon kry of in die hande kon kry wat jy graag wou nie. 'n Mens voel dan sommer bedruk en ongelukkig. Ek het nie my sin gekry nie en nou is ek sommer kwaad vir alles en almal. Diep in onself is ons maar nog soos klein kindertjies wat ons voetjies wil stamp en skreeu om ons sin te kry. Ons is almal onwillig om iemand anders se wil te doen. Dit is nie maklik nie, want ons sal veel eerder ons eie wil laat seëvier.

Ongelukkig gebeur hierdie dinge nie net tussen mense nie, maar ook tussen mense en God. God het sy wil – dit wat Hy met sy skepping en elke skepsel daarop wil bereik. En dan is daar natuurlik ook ons almal met ons eie willetjies. Die meeste kere is ons wil nie heeltemal in pas met God se wil nie of sommer dwars teen sy wil. Dit is oor hierdie opstandigheid oor ons wil dat die Here Jesus ons leer bid het: ***Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde.***

Hierdie bede het Paulus baie goed leer ken. As 'n jong Joodjie het hy uit Tarsus, sy geboortestad, na Jerusalem gekom. Die Here het vir Paulus gebore laat word met 'n uitsonderlike groot ywer vir die Here en die Here se saak. En as jongman met hierdie groot ywer om die Here se saak op die aarde te bevorder, het hy vir hom die beste leermeester in Jerusalem uitgesoek, Gamaliël. By Gamaliël is hy volgens die streng opvatting van die wet van die voorvaders opgevoed. As leerling van Gamaliël het Paulus vir seker uitgeblink. Luister net hoe sê hy dit self oor daardie tyd van sy lewe:

**ek is op die agtste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër, ..., in onderhouding van die wet van Moses om vrypraak te kry, onberispelik** (Filippense 3:5-6 AFR1983).

Uit hierdie woorde kan ons al aflei dat Paulus fanaties was oor die leer van die Fariseërs – dit het aan 'n obsessie gegrens.

Paulus se obsessie om die leer van die Fariseërs onder die Jode suiwer te hou en dit ook oor die wêreld uit te brei, het daartoe gelei dat hy met ywer die kerk vervolg het. Hy sê self: **Ek wou die mense wat die leer van Christus volg, totaal uitroei.** Hy het mans sowel as vroue gevange geneem en in die tronk gestop, want hy het geweet dat die waarskuwing van die Joodse Raad aan die apostels nie die verkondiging van die leer van Jesus gestuit het nie. En as die Christene ook nog met die dood gestraf kon word, was dit vir hom as fanatiese Fariseër beter. Hy het daarmee saamgestem.

Kom ons luister wat Paulus self sê: **Ek wou die mense wat die leer van Christus volg, totaal uitroei.** Dit was Paulus se droom dat al die Jode getroue navolgers van die leer van die Fariseërs sou wees. Dit was sy droom om soveel as moontlik van die heidene ook oor te haal tot die leer van die Fariseërs. Dit was sy wil om met alle mag die mense wat die leer van Christus volg, totaal uit te roei. Dit sou die enigste manier wees waarop hy die leer van Christus tot niet kon maak, of altans so het hy gedink.

Vir sy lewe lank, na sy bekering tot Christus, was hierdie tyd van Paulus se lewe die donkerste tyd. By geleentheid noem hy homself die grootste sondaar van almal omdat hy met alle mag en mening

van die kerk van Christus ontslae wou raak. Geliefdes, dit is alleen danksy die genade van ons Here dat niemand van ons al gedraai het waar Paulus was nie. God se wil met ons het anders verloop as met Paulus. Dit was God se wil dat ons in gelowige huise grootgeword het. Dit was sy wil dat ons van kleins af kon leer wat sy wil behels.

Nou sal jy dadelik vir my kan vra: Wat behels God se wil? Neem 'n mens die saak van die heel begin af op, is dit duidelik dat dit God se wil is om mense te hê wat Hom gewillig en met oorgawe dien en eer. Daarom het Hy vir Hom volmaakte mense geskep. Met 'n volmaakte mens bedoel ons 'n mens wat na die beeld van God geskep is. ***In sy wil en hart was hy met geregtigheid toegerus, en sy hele gesindheid was suiwer. Hy was dus volkome heilig*** (Dordtse Leerreëls, hfst. 3/4:1). Die eerste twee mense het in hulle wil ook volkome ooreengestem met die wil van God.

Ons weet egter goed dat dit nie so gebly het nie, want kyk waar sit ons vandag. Daar is vandag steeds mense wat met alle mag en mening probeer om die kerk van Christus totaal uit te roei. Daar is ook mense wat hulle bloot net nie steur aan Christus of sy kerk nie, en hulle aanbid óf glad niks nie óf hulle aanbid afgode. Maar dit is nie wat God wil hê nie. God wil 'n koninkryk van mense hê wat Hom dien en eer. Daarom het Hy met Abraham 'n nuwe begin met die mensdom gemaak. Uit hierdie man wat deur die Heilige Gees gewillig en bereid gemaak is om na God te luister, het God begin om 'n volk te bou wat Hom kan dien. Tot hede vandag toe is dit steeds God se wil om sy koninkryk vol te maak met mense wat bereid is om Hom gewillig te dien en eer.

Nou kan jy ook vra: Waar pas die wet van God dan in hierdie wil om gelowige diensknegte te hê? Geliefdes, die wet is die riglyne of grense waaraan die mense, al gelowiges, kan meet of hulle binne hierdie wil van God lewe. Ek en jy kan aan die wet onself meet om te sien of ons binne God se wil lewe. Ons kan toets of ons die Here gewillig en met oorgawe dien. Met so 'n gehoorsame lewe van sy diensknegte trek die Heilige Gees nog ander mense wat God uitverkies het nader aan Christus om sy koninkryk vol gehoorsame diensknegte te maak. Die wet is dus bedoel om gelowiges in pas met God se wil te hou.

Paulus het met sy ywerige vervolging van die kerk teen God se wil ingewerk. En hierdie lewenstyl van Paulus om fanaties die kerk te wil uitroei was ook nie God se wil vir Paulus nie. Daarom het Jesus vir Paulus op die pad na Damaskus in sy spore gestuit. Tot hiertoe sou Paulus teen God se wil lewe en nie een sekonde langer nie. In daardie oomblikke wat Jesus met hom gepraat het, het die Heilige Gees die wedergeboorte in Paulus gedoen. Net nadat Jesus vir Paulus gesê het wie Hy is wat met hom praat en hom gevra het wat hy besig is om te doen, het Paulus vir Jesus gevra: **Wat moet ek doen, Here?**

In 'n oomblik het Jesus Paulus van 'n vervolger van Jesus in 'n navolger van Jesus verander. In 'n oomblik het die Heilige Gees Paulus in pas begin kry met die wil van God, want Jesus antwoord hom: **Staan op en gaan na Damaskus toe. Daar sal alles vir jou gesê word wat God bepaal het dat jy moet doen.** En in die die volgende drie jaar het die Heilige Gees Paulus se wil volledig in pas met God se wil gebring. In plaas daarvan dat Paulus 'n afbreker van God se koninkryk is, het hy 'n ywerige bouer in God se koninkryk geword. Sy wil was so in pas met God se wil dat hy onverskrokke Jesus Christus aan sy vervolgers verkondig het. Selfs aan almal wat Christus gehaat het, het Paulus Jesus se dood en opstanding verkondig omdat hy elkeen wat God vir die ewige lewe uitgekies het wou laat hoor dat hulle net deur Jesus Christus die ewige lewe kan beërwe.

Die Heilige Gees het vir Paulus soveel begrip van God se wil gegee dat hy aan die Efesiërs kon skryf:

**Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God.**  
(Efesiërs 1:1 AFR1983).

En 'n bietjie verderaan in dieselfde brief:

**Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat ons geseën het met alle geestelike seëninge in die hemele in Christus, soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil (Efesiërs 1:3-5 AFR1953).**

Het Paulus se wil in alles volmaak in pas met God se wil gekom? Nee. Alhoewel sy wil in 'n groot mate in pas met God se wil gekom het deurdat hy met ywer die evangelie van Jesus Christus verkondig het, was daar tog nog tye dat sy wil nie volledig in pas met God se wil was nie. Daarom het hy ook die bekende hoofstuk 7 van Romeine geskryf. Daarin sê hy watter stryd hy as gelowige beleef het om sy wil altyd in pas met God se wil te hou.

Wat Paulus in Romeine 7 skryf, geld ook vir ons. Alhoewel ons deur die wil van God kinders geword het van Hom deur die verlossingswerk van Jesus Christus, is ons wil nog nie volledig in pas met God se wil nie. Nie alles wat ons doen, is daarop gemik dat ons as diensknegte meewerk dat God se wil volbring kan word nie – dat God se koninkryk oral deurbreek nie. Dit gebeur omdat ons in onself bevind: **Die goeie wat ons wil doen** deur die werk van die Gees, **doen ons nie, maar die slegte wat ons nie wil doen, dit doen** ons (Romeine 7:19 AFR 1983). Weens ons eiewillige geaardheid en die drome wat onself graag wil bereik, kry ons nie altyd reg om ons wil in pas met God se wil te hê nie. Daarom bid ons soos Christus ons geleer het: **Laat u wil geskied, soos in die hemel so ook op die aarde**. Om gehoorsaam te wees aan die wil wat God vir hierdie wêreld het, is dit nodig dat ons ons eie wil sal prysgee.

Dit gaan nie oor ons nie en ook nie oor wat ons in die lewe wil bereik nie, maar oor wat God wil doen en hoe Hy dit deur ons wil bereik. Vir ons voel dit natuurlik nie lekker om ons eie drome en wil te laat staan nie. 'n Voorbeeld: Ek wil graag hierdie kar hê en hy kos R300 000. Ek het uitgewerk dat ek dit sal kan bekostig, dus is ek nie onverantwoordelik met my finansies nie. Ek kom in elk geval nog al my ander verantwoordelikhede na soos wat die Here van my verwag. Intussen weet ek dat die voertuig wat ek tans het nog heeltemal goed genoeg is vir my om my werk te doen. Ek weet ook dat ek 'n deel van die ekstra geld tot my beskikking kan gebruik om iemand anders te help wat ook 'n predikant is en regtig 'n betroubare voertuig nodig het om sy werk te kan doen. In gehoorsaamheid aan die Here sal ek my wil moet prysgee ter wille van die wil van God. Dit is nie maklik nie, daarom bid ons dat die Here ons deur sy Gees ons daartoe sal help.

En, geliefde gemeente, Christus het hierdie bede nie net aan ons geleer nie. Hy het dit self ook gebid. Sy dissipels het Hom dit hoor bid in die tuin van Getsemane daardie nag voor die kruisiging. Toe Jesus saam met sy dissipels in die tuin gekom het, het Hy bedroef en beangs geword en vir hulle gesê: **Ek voel doodsbenuid. Bly hier en waak saam met My** (Matteus 26:36 AFR 1983). Jesus het presies geweet wat op Hom wag. Hy het drie maal in die verlede vir sy dissipels gesê dat Hy oorgelewer gaan word en doodgemaak sal word. Daardie nag voor sy kruisiging het Jesus 'n klipgooi ver van Johannes, Jakobus en Petrus gebid:

**My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydenskoper by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil** (Matteus 26:39 AFR 1983).

Hoewel Hy drie maal hierdie selfde gebed gebid het, het Jesus uiteindelik sy wil prysgegee om aan sy Vader se wil alleen gehoorsaam te wees sonder teëpraterij, want net sy Vader se wil is goed.

Goed? sal iemand kan vra. Is God se wil werklik goed? Jesus het dan 'n verskriklike dood gesterf. Ja, inderdaad, Jesus het 'n verskriklike dood gesterf, want sy Vader het Hom verlaat. Jesus het ook geweet dit is 'n verskriklike dood aan die kruis. Hy was dan doodsbenuid. Maar Jesus het ook geweet dat Hy die regverdige straf op die sonde dra in die plek van die mense wat God na die

welbehae van sy wil vir die ewige lewe uitgekies het. Hy het God se wil gehoorsaam omdat Hy alleen die Satan en die sonde kan oorwin en weer uit die dood opstaan. God se wil het 'n koninkryk van mense in die oog – 'n koninkryk van mense wat God gewillig en met oorgawe dien. Daarom is sy Vader se wil vir Hom, Christus, goed en goed vir ons.

Geliefdes, ons is deur die geloof erfgename saam met Christus. Ons erf nie net die heerlikheid wat Hy gekry het toe sy Vader Hom weer in die hemel opgeneem het en Hom 'n Naam bo alle name gegee het nie. Ons is ook erfgename van sy lyding. En as ek nou my wil om 'n mooi kar te wil hê moet opoffer sodat die Here sy koninkryk deur 'n ander dienskneg verder kan uitbrei, is dit mos min genoeg gevra. Dit is baie minder as wat Christus moes offer sodat ek 'n erfgenaam saam met Hom kan wees. Mag die Heilige Gees ons voortdurend lei en bekragtig om ons eie wil prys te gee ter wille van die goeie wil van ons hemelse Vader.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 25:2, 4 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.
- 4 God is goed in al sy handel, / en sy pad is enkel reg;  
daarom laat Hy sondaars wandel / in die waarheid van sy weg.  
Hy sal met sy hand hul lei / wat verdwaal was en verlore;  
wie sagmoedig is, laat Hy / wandel op sy regte spore.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
25 Maart 2012